Republikein

Jou land. Jou taal. Jou koerant.

# Twee met ivoor, velle vasgetrek

11 August 2020 | Misdaad
vct




1.

0 0 0

Twee vermeende wildmisdadigers, mnr. Gabriel Kuutondokwa Nalitje en David Simon, is verlede Maandag in Windhoek glo met drie stukke ivoor en een elk luiperd- en ietermagôvel vasgetrek.

Hulle is van die ses Namibiese verdagtes wat volgens die wildmisdaadverslag vanaf 3 tot 9 Augustus van die Namibiese polisie en ministerie van die omgewing, bosbou en toerisme weens wildmisdaad in hegtenis geneem is.

Drie nuwe sake is aanhangig gemaak en beslag is op die drie stukke olifanttande, drie luislangvelle en een elk renosterhoring, luiperd- en ietermagôvel gelê.

Mnr. Veiyo Weyulu Nelenge is verlede week by Outapi in verband met renosterhoringsmokkelary in hegtenis geneem.

Mnr. Uaungumana Piriko is verlede Woensdag in hegtenis geneem in verband met 'n ou renosterstroperysaak by Sesfontein.

Beslag is verlede Dinsdag op drie luislangvelle by mnre. Nepando Nikodemus Sitoka en Imarwa Petrus Haingura gelê toe hulle by Kahenge vasgetrek is.